NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

# AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS
# SONDAG 20 MAART 2022

## DERDE SONDAG IN LYDENSTYD

## GEMEENTE DAGBOEK

### GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK
### *Middelafhanklikes*

### LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK
**Josua 5:9-12; Psalm 32**
**2 Korintiërs 5:16-21; Lukas 15:1-3, 11b-32**

| | |
|---|---|
| **SONDAG, 20 MAART** | |
| 09:00 | Oggenddiens in Kerk<br>Sinodale Deuroffer ten bate van: Ramot<br>Erediensspan 3 – Elsa Welman |
| **Geen** | Kleuterkerk |
| **Geen** | Kinderkerk |
| **Geen** | Aanddiens |
| **Geen** | Senior kategese |
| **MAANDAG, 21 MAART** | |
| | MENSEREGTEDAG |
| **DINSDAG, 22 MAART** | |
| 09:30 | Senior Burger Bybelstudie |
| 19:00 | Kerkraad Bosberaad |
| **WOENSDAG, 23 MAART** | |
| 09:30 | Vroue Bybelstudie |
| 09:30 | Othello Bybelstudie |
| **DONDERDAG, 24 MAART** | |
| 09:00 | Kuilsrivier Dienssentrum Moedergemeente Kerksaal – Kind 2 Hearing<br>Sopbeurte: Engela Franken, Elmarie Scholtz, Christelle Smit, Loamie Olivier, Irma van Schalkwyk, Kotie Jonas |

| VRYDAG, 25 MAART | |
|---|---|
| | SKOLE SLUIT |
| **SATERDAG, 26 MAART** | |
| | |
| **SONDAG, 27 MAART** | |
| | VIERDE SONDAG IN LYDENSTYD<br>DANKBAARHEIDSONDAG |
| 09:00 | Oggenddiens in Kerk<br>Erediensspan 1 – Chris van Nierkerk |
| 09:00 | Buitelugdiens op Avalon |
| **Geen** | Kinderkerk en Kleuterkerk |
| **Geen** | Aanddiens |
| **Geen** | Senior kategese |

# OPNEEM VAN OFFERS

Offergawes word steeds net by die deure opgeneem aan die einde van die diens.

Jou bydrae vir die gemeente (voorheen opgeneem as bankkollekte) kan jy in die mandjies plaas.

Jou bydrae vir die sinodale instansie (soos aangedui op die aankondiginge) kan jy in die koevert plaas wat in die banke verskaf is. Gooi dié koevert dan ook in die mandjie.

# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

**Ramot**

Ramot is 'n behandelingsentrum vir alkohol- en ander middel afhanklikheid en bestaan reeds vir 56 jaar. Gedurende hierdie tyd het meer as 200 000 mense met 'n afhanklikheidsprobleem direk of indirek hulp ontvang. Alkohol bly steeds die grootste probleem. Afhanklikheid (verslawing) beteken om oorgegee te wees aan 'n mag buite jouself met rampspoedige gevolge. Die persoon het geen hoop nie, en ervaar om verstaanbare redes nie welkom in die samelewing nie. Families is skaam vir die persoon en die wêreld verwerp hulle grootliks. Maar mag ons as Christene dieselfde doen? Help ons asseblief om Christus se hande en voete te wees vir die afhanklike. Elke pasiënt ontvang intensiewe persoonlike aandag. Die kerk kan trots wees op Ramot. Bid asseblief vir genade en wysheid om meer mense te help teen bekostigbare pryse. Ramot se leuse is dan ook: " *'n Nuwe lewe, 'n Nuwe begin*".

021 939 2033 | admin@ramot.co.za
Webwerf: https://www.ramot.org.za

# GEMEENTENUUS



1. Elena Visser (Jan Krielgronde) het die afgelope week 'n operasie ondergaan en sterk tuis aan.
2. Marieta Oliver (Zevenzicht) is die afgelope week oorlede. Ons gebede gaan uit na Maartin, Celest, Maartin jnr en gesinne.
   Die troosdiens is 21 Maart om 11:00 in ons Kerk.

# VAN ALLES EN NOG WAT

1. Kom ondersteun die Jeugkommissie deur koffie by die kerkkantoor te koop teen R65 per pakkie. Verskeidenheid geure beskikbaar in bone en gemaal.
2. René Ferreira (Orrelis) het naweek af, aflos is Lizette Wilson.
3. Ons benodig tans glaspotjies (heuningpotjie grootte) vir die inlê van konfyt en vrugte vir die basaar. Dit kan by die kerkkantoor afgegee word.
4. Aksie Samaritaan benodig dringend 'n rolstoel vir een van hul hawelose kliënte. Indien iemand kan help of 'n bydrae wil gee, kontak asb die kerkkantoor.

# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK




20/03 Sunita Truter, Sarie Terblanche, Marianne Brink, Annette Deyzel
21/03 Karl-Wilhelm Schwenke, Wessel Labuschagne, Anri Roelofse, Anrich de Bod, Sarie Nel, Wikus Neuhoff, Ada Serfontein
22/03 Judy du Preez, Pieter van Dalen, Karla Andrews, Francois de Villiers, Anna Smith, Riëtta Odendal, Daniël Oosthuizen, Susie du Plessis
23/03 Annette Lochner, Laurence Müller, Vera van Wyk, Hilana Lambert, Chris Els
24/03 Gawie du Toit, Hennie le Roux, WD Kotze, Schalk Botes
25/03 Pottie Potgieter, John Marais, Mary Liebenberg, Erina van Wyk, Briaan Cooper, Patrick van der Vyver
26/03 Alae Rootman, Junita Neethling, Christelle Smit, Sonia Lourens

# DIE AKKER

Ons vra om verskoning dat Die Akker weens onvoorsiene onstandighede nie verskyn het nie. Sien julle volgende week weer!

# DROP & GO

Baie dankie vir almal se gereelde bydraes wat ons ontvang. Ons voorrade lyk tans goed. Deels te danke aan kontant bydraes wat ons ontvang het en ons kon nou spesifiek voorrade koop soos wat nodig was.



Ons voorrade vir die volgende is weer baie laag:

| | | |
|---|---|---|
| Melk | Blikkies: Beef, Vis, Groente | |
| Suiker | | |
| Pap | Toiletware: | Tandepasta, Deodorant, Badseep, Sjampoe |
| Koffie | | Wasgoedpoeier, Skottelgoedseep, Sanitêre doekies |

Bydraes kan steeds deur die loop van die week, tydens kantoorure, by die kerkkantoor afgegee word.

Baie dankie
Cedric en Piet

# DIE MESSIAS

Ná 'n stilte van twee jaar bied die Con Spirito Filharmoniese Musiekvereniging se koor en orkes met groot dankbaarheid 'n uitvoering van G.F. Handel se Messias o.l.v. Sjoerd Alkema aan. Dit vind op Saterdag 26 Maart om 19:30 in die NGK Bellville-Uitsig plaas. Die soliste is Vanessa Tait-Jones (S), Minette du Toit-Pearce (M-S), Nick de Jager (T) en Conroy Scott (Bas). Die sitplekke is onbespreek en die kaartjies kos R180 en R150 (pensioenarisse en studente). Kaartjies by Trix (082 864 0689), Webtickets, of by die deur.

# HUIS DE KUILEN

1. Ons benodig doeke vir volwassenes M - L (nie pull-ups nie).
2. Van ons kamergordyne lyk nie meer baie mooi nie. Indien iemand bruikbare gordyne nie meer gebruik nie sal dit waardeer word.

Indien u kan help met bg kan dit by die kerkkantoor of by die tehuis afgegee word.
Alle hulp sal waardeer word.
Baie dankie vir u hulp, omgee, liefde en gebede.

# BASAAR – 28 MEI 2022

1. Kennisgewing aan Lidmate

Basaarlyste is na Blokleiers versprei. Lidmate kry geleentheid om op die basaarlys aan te dui hoe hulle 'n bydrae vir die basaar wil gee. Jy sal dus op die basaarlys kan aandui of jy produkte wil gee, by 'n spesifieke tafel wil help en of jy verkies om 'n finansiële bydrae te maak. Dink solank hieroor sodat jy teen die tyd wat die dienswerker by jou kom, jou keuse kan aandui. Die dienswerker gaan nie vorms by huise afgee en later weer optel nie. Dieselfde vorm sal van huis tot huis geneem word soos ons dit vroeër jare gedoen het.

2. Ons het 'n konvenor vir die Dit en Dat tafel gekry. Baie dankie Hentie Wickens dat jy bereid is om hierdie tafel vir ons te neem. Lidmate is welkom om bruikbare huishoudelike items na die kerkkantoor te bring vir die Dit en Dat tafel.
3. Ons het 'n konvenor vir die Kuiertent gekry. Baie dankie aan die Riëtte Morkel en vriendinne.
4. Die konvenors van die volgende tafels benodig hulp. Indien jy wil inskakel, moet jy asseblief jou naam by die kerkkantoor opgee: Materiaal, Melkkos, Pannekoek, Poeding en Klein koekies/Skuinskoek.
5. Die Plante- en Vleistafels sal enige skenkings verwelkom.

Johan Morkel (Basaarkonvenor)

# NUUS VANUIT DIE KERKRAADS-VERGADERING VAN 16 MAART 2022

1. Neels Kruger is verkies as erediensspanleier.

2. 'n Groep lidmate het versoek om betrokke te raak by die verfraaiing van die Muur van Herinnering se tuin. Die kerkraad het dié versoek goedgekeur. Indien daar lidmate is wie se geliefdes se as in die Muur geplaas is, wat 'n finansiële bydrae tot dié projek wil maak, sal dit baie welkom wees. Ander lidmate is ook welkom om by te dra. Kontak die kerkkantoor vir meer besonderhede en bankbesonderhede.

3. Die kerkraad het besluit dat ons vanaf Sondag 10 April (na die skoolvakansie) weer gedrukte aankondiginge beskikbaar sal stel by die deure. Ten einde koste te bespaar, gaan ons heelwat minder druk as in die verlede. Ons versoek vriendelik dat lidmate wat die aankondiginge op 'n Vrydag reeds per WhatsApp of e-pos ontvang, nie van dié gedrukte aankondiginge sal neem nie sodat dit beskikbaar sal wees vir die lidmate wat nie oor die elektroniese fasiliteite beskik nie. Indien jy tans nie die aankondiginge per e-pos of WhatsApp ontvang nie,en sou verkies om dit so te ontvang, kontak gerus die kerkkantoor sodat dit gereël kan word.

# AVALON BUITELUGDIENS

27 Maart 2022

09:00

Begin die skoolvakansie op 'n HOOGTEPUNT

Ons kuier en hou piekniek na die erediens

(Bring 'n kombers, kampstoele

en 'n piekniekmandjie propvol eetgoed saam)

Prediker: ds. Chris

(Daar sal steeds 'n diens in die Kerkgebou wees, gelei deur ds Hannes Burger)

# HUWELIKSVERRYKING 2022

## DATE NIGHT

## **IN DE EIKE**

4 SESSIES OM JUL VERHOUDING

OP TE KIKKER

DATUMS:

4, 11, 18, 25 Mei 2022

10 Paartjies per program

Kontak vir ds. Chris

082 822 6619

.

# PREEKSKETS



**TEMA - HOE NOU GEMAAK?**

Prediker: Ds Chris Barnardo

Skriflesing: Lukas 13:1-9

1. **Inleiding.** Verbeel jouself dat jy en jou gesin ’n rustige aand in die veiligheid van julle woning saam beleef. Die televisie is aangeskakel maar daar word nie veel aandag aan die nuusprogram gegee nie. Jou vrou is besig om aandete voor te berei terwyl jy en jou kinders op die mat speel. Ouma is besig met haar breiwerk terwyl oupa die koerant lees. ’n Heel normale gelukkige gesinsaand in Kiëf, hoofstad van Oekraïne. Jou oog vang die beelde op die televisie met opskrifte dat Rusland jul land gaan aanval. Landsburgers word gewaarsku om voorbereid hierop te wees. Slaan ag op die sirens wanneer julle oor ’n lugaanval of ’n bombardement gewaarsku word. Hoe gaan jy op hierdie noodberig reageer? Hoe dink ’n mens hieroor? Vanoggend hoor ek loeiende sirenes wanneer Jesus ook met ons praat wanneer Hy sê: Bekeer julle, anders gaan julle soos al die ander mense omkom! Hoe reageer ons onder die spervuur van die lewe?

2. **Hoe reageer ons onder die spervuur van die lewe?** Ons word nie van die spervuur van die lewe gevrywaar nie. Ons kan nie ons koppe in die sand druk en dink dat slegte dinge nie met ons as christene sal gebeur nie. Die vraag is, hoe staal ’n mens jouself vir die lewe se krisisse? Ons almal soek wysheid in ’n tyd soos hierdie. Destyds is daar algemeen aanvaar dat slegte dinge die gevolg is van die een of ander persoonlike sonde waarvan ’n mens dalk nie eens bewus is nie. Wie vrykom, is met ander woorde sonder skuld. Jesus sê dat ons moet ophou na buite kyk en oordele fel. Kyk vir ’n slag na jouself met alles wat ook al gebeur, en omarm die moontlikheid van inkeer en groei. Dit is wat Jesus die mense wil leer: om oop te wees vir die oomblik, om te verander (te bekeer), om nuwe perspektiewe te ontdek en om heeltyd te groei.

3. **Die Vyeboom.** Onder die spervuur van die lewe gebeur dit maklik dat mense hulle teen die impak van die lewe verskans, in plaas daarvan om oop en vatbaar te bly vir verandering en groei. Eerder opstand en woede, beskuldiging en selfregverdiging, vyandskap en verdeeldheid as inkeer en lewe met die nuwe perspektiewe van God se koninkryk. Eers dan kan ons begin vrugte dra wat by die bekering pas, en lééf ons in plaas daarvan om bloot inhoud aan die dood te gee.

4. **Slot.** As ek vanoggend vir Jesus reg verstaan wil Hy hê dat ons as ’n gemeente moet groei. Dit beteken dat ons moet lewe. As De Eike se lidmate nie vars, lewendig en oop vir Jesus is nie, gaan ons in ’n sorgeenheid verander. Kom ons blameer niemand nie. Kom ons groei, kom ons lewe, kom ons bekeer onsself. Dit is wat Jesus van ons vra. AMEN